Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 4: *Vayera* (וירא) – En Hy Verskyn!

יהוה *het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre, terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.* Gen. 18:1 – PWL[1]

Torah : Gen. 18:1 tot 22:24

Haftorah: 2 Kon. 4:1 tot 37

Hernieude Verbond: Luk. 17:26 tot 37; Jak. 2:14 tot 24; 2 Pet. 2:4 tot 10

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 4 wat afgelaai kan word by: Parashah4Notas14 en by Parashah4Notas15.

You have only three choices in life. Give up, give in or give it all you have got!!

Today's church wants to be raptured from responsibility – Leonard Ravenhill.

The reason why many are still troubled, still seeking, still making little forward progress is because they haven't yet come to the end of themselves. We're still trying to give orders, and interfering with God's work within us – A.W. Tozer.

God never hurries. There are no deadlines against which he must work. Only to know this is to quiet our spirits and relax our nerves – A.W. Tozer.

The opportunity of a lifetime must be seized in the lifetime of the opportunity.

Treat others as you would have them treat you ... if they had better sense! – Earl Pertnoy

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

Gehoorsaamheid

Die vraag kan tereg gevra word of die begin van hierdie week se Torahskriflesing nie eerder deel moet wees van die einde van die vorige week se Skriflesing nie? Moet Gen. 17:26 en 27 en Gen. 18:1 nie as ‘n geheel gesien word nie? Dan sal dit soos volg lees:

Avraham en sy seun Yishma’el is op daardie selfde dag besny en al die manne van sy huis; die wat in sy huis gebore is en die wat van vreemdelinge met geld gekoop is, is saam met hom besny. Daarna het YHVH Homself aan Abraham openbaar by die Eikebome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.

Ons kan met redelike sekerheid sê dat YHVH Homself aan Abraham openbaar het omrede hy die Woord van YHVH gehoor het, dit geglo het en daarvolgens opgetree het.

Aan ons is ook die belofte gegee dat wanneer ons die besnydenis van die hart ondergaan het, en dan in gehoorsaamheid volgens YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is lewe, sal YHVH, ons God en Vader, Homself ook aan ons openbaar!

Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:23 – PWL.

Sommige wysgere van Rabbynse Judaïsme probeer egter die feit dat YHVH in menslike vorm gemanifisteer het, weg redeneer deur ‘n saak uit te maak dat dit drie engele was. Glen McWilliams haal die volgende aan in sy kommentaar oor Parashah *Vayera*:

> *“The Rashbam, Rambam and others maintain that this opening verse is nothing more than a title to the story that follows, a general statement, the particulars of which are elaborated on in the succeeding narrative. In other words, the succeeding verses from two onwards do not constitute a detached narrative of new events but are merely an intensely concreted elaborations of the cryptic introductory statement in the first verse. This is the point made by Rashbam in his commentary: ‘And the Lord appeared unto him’—How? Through the arrival of three angels in the guise of men.” (New Studies in Bereshit, Nehama Leibowitz, LAMBDA Publishers, Inc, Pp. 158-160).*

Maar volgens Gen. 18:1, asook Gen. 18:13, 14 en 17 is dit duidelik dat YHVH in ‘n menslike hoedanigheid aan Abraham verskyn het. Is hierdie kommentare van sommige Rabbynse wysgere ‘n poging om Yeshua as die vleesgeworde manifistasie van YHVH te probeer weg redeneer? Ons kan wel hierdie vraag vra aangesien beide Rashbam en Rambam in die 11 en 12 eeu na Messias gelewe het!

Open. 18:1, 13, 14 en 17, asook vele ander teksverse, is bevestiging dat YHVH hier op aarde met die mens wil kommunikeer. Dit dien as ‘n heenwysing dat YHVH in ‘n menslike liggaam sal kom om hier tussen ons te woon:

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ’n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14 – PWL.

Abraham Ons Voorbeeld

Die sentrale tema in beide die Parashah en die Haftorah (2 Kon. 4:1 tot 37)[2] van hierdie week handel oor geloof, gehoorsaamheid en die bereidwilligheid om te dien en nie om gedien te word nie. Yeshua self het gesê:

Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Mark. 10:45

Ons Vader Abraham is ons voorbeeld van 'n geloofslewe van onwankelbare vertroue in Vader-God se beloftes te midde van teleurstellings en beproewinge. Hy is ons voorbeeld van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies en bereidwilligheid om welwillendheid aan ander te bewys (Gen. 18:1 tot 8).

Abraham is ook ons voorbeeld van die rol van die man in 'n huwelik, en Sarah is 'n voorbeeld van die rol van die vrou. Daarom word Abraham en Sarah se huwelik as voorbeeld gebruik van 'n huwelik volgens YHVH se standaard. Verwys ook Efes. 5:32 en 33.

Net so moet julle, vroue, gehoorsaam wees aan jul eie mans sodat die wat nie die boodskap gehoorsaam nie, deur jou mooi lewenswyse, sonder inspanning, gewen kan word
wanneer hulle sien dat julle respekvol, met oorleg en goeie oordeel optree.
Julle versiering moenie uiterlik wees nie: vlegsels in julle hare, juweliersware van goud of fyn klere nie,
maar wees versier in die geheime van die gedagtes, wil en emosie van die mens, in die onverganklike versiering van 'n nederige gees wat baie kosbaar is voor God,
want net só het ook die afgesonderde vroue, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans,
soos wat Sarah gehoorsaam was aan Avraham en hom 'my meester'
genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie.
Julle, manne, moet op díé manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie.
Die slotsom is dat almal van julle in harmonie met mekaar moet wees; ly saam met die wat ly, wees lief vir mekaar en wees vol liefdevolle omgee en nederigheid.
Vergeld geen persoon kwaad met kwaad of beledigings met beledigings nie, maar inteendeel, in plaas van hierdie dinge, wees 'n seën, want hiervoor is julle geroep sodat julle die seën kan erf.
Wie ook al daarom die lewe begeer en lief is om goeie dae te sien, laat hom sy tong weerhou van wat boos is en sy lippe moet geen bedrog praat nie.
Hy moet wegdraai van wat boos is en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag, want die oë van יהוה is op die onskuldiges, Sy ore om hulle te hoor, maar die gesig van יהוה is teen die boosheid."
Wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle ywerig is vir die goeie? 1 Pet. 3:1 tot 13 – PWL.

Die Haftorah gedeelte word saam met Parashah *Vayera* gelees weens die soortgelyke hoedanighede van ons vader Abraham en die profeet Elisa. Die uitstaande hoedanigheid van beide was hulle gehoorsaamheid aan Torah, hulle geloof (vertroue) in YHVH en hul bereidwilligheid om hul medemens te dien. Verder is beide die Parashah en die Haftorah die

[2] Notas vir die Haftorah kan by die volgende skakel gelees word Parashah4Notas14

geskiedenis van die bonatuurlike geboorte van ‘n seun en van beide se doodservaring. In beide hierdie Skriflesings leer ons van onwankelbare vertroue (geloof) in die wonderwerkende krag van YHVH.

Bepeins of Bespreek

1. Is die Koninkryksbeginsel om YHVH se wonderwerkende krag in ons lewens te ervaar nie gesetel in ons bereidwilligheid om eerstens te dien en nie om gedien te word nie? Is dit nie ‘n geval van wanneer ons bereid is om te dien dat Vader-God ook soos Elisa sal kom en vir ons vra: *Wat kan Ek vir jou doen?*

Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. Heb. 13:2

Abraham Se Opdrag Is Ons Opdrag!

In Gen. 18:19 lees ons vir watter doel YHVH vir Abraham gekies het:

Ek het ’n verbondsverhouding met hom sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יהוה *moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat* יהוה *oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het* (PWL).

YHVH het op grond van die verbondsverhouding met Abraham hom die gesag (outoriteit) gegee sodat hy sy nageslag en huishouding bevel (deur voorbeeld en onderrig) sou gee dat hulle die pad (die Torah) van YHVH moet hou (*sh’mar* – om te hoor en te doen asof jou lewe daarvan afhang) om geregtigheid (*tsadakah* – onpartydige opregtheid) en reg (*mishpat* – beslissings en om beslissing te maak) te doen; sodat YHVH oor Abraham al die seëninge en beloftes kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Abraham het die rol vervul van vader, koning en priester. ‘n Vader is die een wat onderrig en instruksies gee. ‘n Koning, volgens YHVH se standaard, moet volgens Torah regeer en moet in diens van sy ondergeskiktes wees. ‘n Priester se taak is om aan die hand van Torah beslissing te maak oor wat sonde is, naamlik te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd, rein en onrein en heilig en onheilig is, en om dan te waarsku van die gevolge van sonde, asook om dan die middelaar van *teshuvah* (berou, belydenis en terugkeer tot Torah gehoorsaamheid) tussen YHVH en die mens te wees.

Elke man (vader en eggenoot) se taak is dieselfde as die van Abraham. YHVH gee ook op grond van die nuwe verbond aan elke vader en eggenoot die gesag om sy kinders (nageslag) en sy huishouding te leer om die pad van YHVH te hou en om geregtigtigheid en reg te doen! Die vaders wat versuim om dit te doen, ontneem hulself, hul huweliksmaat en hulle nageslag van YHVH se seëninge. ‘n Vader en eggenoot wat nie hierdie rol vervul nie moet daaraan herinner word dat YHVH ‘n jaloerse God is wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders van die derde en die vierde geslag (Ex. 20:5; Ex. 34:7). Vir ‘n vader om te versuim om sy kinders in Torah te onderrig is ‘n misdaad teenoor die kinders!!

Bepeins of Bespreek

1. Is dit om te oordeel indien ons volgens Torah ‘n beslissing maak oor sonde en oor die gevolge daarvan waarsku? Moet ons nie ook as wagters (bewakers van Torah) diens doen nie (Eseg. 3:17 tot 21; Eseg. 33:2 to 9). Oordeel ons as ons as wagters diens doen om te waarsku wanneer Torah oortree (gesondig) word? Wat het Yeshua bedoel toe Hy gesê

het: *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie* (Matt. 7:1)? Onthou: Yeshua het ook gesê dat ons met ‘n regverdige oordeel moet oordeel (Joh. 7:24). Is dit oordeel of om as wagter om te tree indien ek uit die Skrifte vir ‘n hoereerder (egbreker) bewys lewer dat dit sonde is en dat hy/sy nie die koninkryk sal beërwe nie?

Die Werke Van Abraham

Rabbynse Judaïsme maak aanspraak daarop dat hulle die kinders van Abraham is. Terwyl dit volgens die fisiese (vir sommige) die waarheid is, is dit nie noodwendig volgens die geestelike waar nie. In gesprek met die Jode het Yeshua vir hulle gesê:

Ek weet dat julle die nageslag van Avraham is, maar julle beplan om My dood te maak omdat julle My boodskap nie begryp nie. Ek praat van wat Ek by Mý Vader gesien het; julle doen wat julle by júlle vader gesien het. Joh. 8:37 en 38 – PWL.

Let op dat Yeshua vir hulle sê dat Hy doen wat Hy Sy Vader sien doen het en hulle doen wat hulle by hulle vader gesien het. Hierop het die Jode vir Yeshua geantwoord dat hulle vader Abraham is, waarop Yeshua vir hulle sê:

“As julle die kinders van Avraham was, sou julle doen wat Avraham gedoen het, maar nou, let op, julle beplan om My dood te maak. Dit is Ek wat aan julle die waarheid vertel, wat Ek van God gehoor het. Dit het Avraham nie gedoen nie, maar julle doen die dade van julle vader.” Joh. 8:39 tot 41 – PWL.

Wat het Abraham gedoen – wat was sy werke? Hy het in YHVH geglo en in alles aan YHVH gehoorsaam gewees! Kan dit van Rabbynse Judaïsme gesê word? Nee, hoewel hulle ook vandag, soos aan Yeshua, sal sê: *Ons is nie uit seksuele immoraliteit gebore nie; ons het een Vader, naamlik God* (Joh. 8:40 en 41). Volgens die fisiese mag dit wel waar wees, maar nie volgens die geestelike nie, en daarom het Yeshua hulle geantwoord:

As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.
Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.
Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.
Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie. Joh. 8:42 tot 45.

Rabbynse Judaïsme doen nie die werke van Abraham nie, omrede hulle nie YHVH as hulle Vader het nie, maar wel die teëstander (Satan) as vader!! Sou hulle in Yeshua glo as die gekruisigde en opgestane Messias, en hulle Torah gehoorsaam lewe, dan sal hulle terug op die olyfboom geënt word en so die kinders van YHVH, die ware Israel, word. Dan sal hulle die werke van Abraham doen.

Bepeins of Bespreek

1. Ons wat vertroue het in Yeshua as die Lam van YHVH en alles onderhou wat Yeshua ons geleer het, naamlik die Torah soos dit in Yeshua vervul is, moet onsself nie hoër ag as Rabbynse Judaïsme nie. Paulus waarsku teen dit in sy brief aan die Romeine:

   En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,

moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.
Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. Rom. 11:17 tot 21.

2. Daar is sommige in die Messiaanse Beweging wat nie wil oordeel of Torah-getroue Jode wat Yeshua verwerp die koninkryk van YHVH sal beërwe of nie. Maar sou ons die woorde van Yeshua, en van die skrywers van die nuwe verbond glo, dan is dit duidelik dat Yeshua is die weg na die waarheid wat lewe gee en dat niemand na die Vader kom as slegs deur Yeshua nie (Joh. 14:6). Wat is die gevaar om nie te wil oordeel nie oor Torah-getroue Jode wat Yeshua verwerp? Is dit in lyn met Yeshua se opdrag van Matt. 28:19 en Mark. 16:15 en 16?

3. Lees Joh. 4:20 en 21. Let daarop dat Yeshua aan die vrou gesê het dat daar ‘n tyd sal kom wanneer die Vader nie in Jerusalem aanbid sal word nie. Yeshua het nie gesê dat daar nie in Jerusalem aanbid sal word nie, maar dat die Vader (YHVH) nie daar aanbid sal word nie. Leef ons in die tyd waar Yeshua se woorde waar geword het?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.